Andre Bloem
Agri Labour Practitioners
HR & IR SPECIALISTS

VOLDOEN JOU PAYSLIPS AAN DIE WET?

Volgens arbeidswetgewing is 'n werknemer geregtig om met elke betaalperiode 'n betalingsadvies (payslip) van sy werkgewer te ontvang.

Natuurlik het werkgewers baie vrae – Wat is die voordele van 'n betaalstrokie? Watter inligting moet op die betaalstrokie verskyn? Watter aftrekkings kan gemaak word, en is daar perke aan hierdie aftrekkings?

Hierdie artikel is een van twee wat ten doel het om boonste vrae te beantwoord.

INLIGTING WAT OP BETALINGS ADVIES MOET VERSKYN

In terme van Artikel 6(1) van Sektorale Vasstelling vir Plaaswerkers, moet die volgende inligting op 'n plaaswerker se betalingsadvies ("payslip") verskyn;

(a) Werkgewer se besonderhede (naam en adres);
(b) Plaaswerker se besonderhede (volle naam en postitel (bv. Algemene Werker / Spuit Operateur);
(c) Betaal periode (periode waarvoor betaling gemaak word);
(d) Normale vergoedingstarief (bv. R23-19 p/uur)
(e) Oortyd tarief (Bv. R34-79 p/uur);
(f) Hoeveelheid normale ure gewerk;
(g) Hoeveelheid oortyd ure gewerk;
(h) Hoeveelheid ure gewerk op publieke vakansiedag en
(i) Hoeveelheid ure gewerk op 'n Sondag;
(j) Ander inkomste (bv. vol week-bonus, nagskof toelaag);
(k) Totale bruto inkomste;
(l) Aftrekkings (spesifiseer elke aftrekking, bv: Behuising @ 10%)
(m) Werkgewer se WVF (UIF) registrasie nommer by Departement van Indiensneming en Arbeid.;
(n) Werknemer se bydrae tot WVF @ 1%;
(o) Netto betaling aan werker.

Die werkgewer moet 'n afskrif van die betalingsadvies bewaar.

Let daarop dat die betalings advies nie uit 'n rekenaar geproduseerde formaat hoef te bestaan nie. Dit kan handgeskrewe wees, maar al die voorgeskrewe inligting moet daarop verskyn.

BETALING IN KONTANT

Betaling in kontant moet by die werkplek en gedurende die werknemer se normale werkure per geseëlde koevert geskied.

© Andre Bloem - 2022